AVCASA
Reg. Nr.: 87/02403/08

ASSOCIATION OF VETERINARY AND CROP ASSOCIATIONS OF SOUTH AFRICA
VERENIGING VAN DIEREGESONDHEIDS- EN PLANTBESKERMINGSVERENIGINGS VAN SUID-AFRIKA
Lanzerac, Constantia Square, Midrand, ✉ 1995, HALFWAY HOUSE 1685, SOUTH AFRICA
☎ 27 11 805-2000, : 27 11 805-2222, Web : www.avcasa.co.za

MEDIA VERKLARING

ONWETTIGE PLAAGDODERS IS OPPAD NA SUID-AFRIKA

15 SEPTEMBER 2010

BEGIN

Ongeregistreerde landboumiddels en dieregesondheidsmiddels (plaagdoders) gaan waarskynlik in die nabye toekoms die land uit verskeie ander lande instroom wat hulle uitvoervisiere op Suid-Afrika ingestel het. Daar is onlangs by twee landbouverwante uitstallings ongeregistreerde plaagdoders deur buitelandse vervaardigers geadverteer in weerwil van die bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947). Dit wil voorkom asof die departemente wat verantwoordelik vir die beheer van landboumiddels en dieregesondheidsmiddels is, onbewus van sulke insidente is en dus nie wetstoepassing doen wanneer die land se wette in die verband oortree word nie.

Wet Nr. 36 van 1947 verbied die invoer van ongeregistreerde landboumiddels en dieregesondheidsmiddels, en verbied ook die advertering, bekendstelling, verkope, aankoop en gebruik van ongeregistreerde plaagdoders in Suid-Afrika. Alle plaagdoders moet ingevolge die Wet deur die Registrateur van Wet Nr. 36 van 1947 geregistreer word alvorens dit enigsins geadverteer, bemark, ingevoer, verkoop of gebruik mag word. Dit is noodsaaklik om kwaliteit, effektiwiteit, omgewingsversoenbaarheid, gewasversoenbaarheid en versoenbaarheid met openbare gesondheid te verseker.

Die Vereniging van Dieregesondheid- en Plantbeskermingsverenigings van Suid-Afrika (AVCASA) doen ‘n beroep op die georganiseerde landbou om daarop bedag te wees dat sulke ongeregistreerde produkte reeds in Suid-Afrika aangebied mag word. Die gebruik van sulke produkte is nie alleen onwettig nie maar hou ‘n ernstige gevaar vir voedselveiligheid in omdat die produkte nie plaaslik aan die regulatoriese stelsel onderwerp is nie en dus bestaan daar geen rede om te dink dat die produkte met enige veiligheid op gewasse en vee aangewend kan word nie.

AVCASA doen ook ‘n beroep op die Departement Landbou, Bosbou en Visserye om te verseker dat daar onmiddelik op sulke produkte beslag gelê sal word en dat oortreders vervolg sal word. Verdermeer word die Departement Handel en Nywerheid versoek om te verseker dat ongeregistreerde plaagdoders nie deur die hawens en grensposte die land ingelaat word nie.

Produsente wat van ongeregistreerde plaagdoders gebruik maak stel die toekoms van voedselproduksie in Suid-Afrika in groot gevaar omdat dit oesgewasse en vee ernstig kan beskadig en voedselprodukte kan vergiftig. AVCASA sal alle produsente-organisasies bystaan om moontlike onwettige produkte uit te ken en aan die betrokke regulatoriese departemente te rapporteer.

Vir verdere navrae kontak asb Tom Mabesa, AVCASA se Uitvoerende Direkteur by 011-805-2000 of Dr Gerhard Verdoorn by 082-446-8946

EINDIG